

JONA

Inleiding

Die boek dra die naam van die hoofkarakter daarvan. Volgens 2 Konings 14:25-27 was Jona 'n profeet wie se profesie vervul is. Die naam Jona beteken 'duif'.

Jona is in die Ou Testament deel van die *Boekrol van die Twaalf Profete* (*Hosea* tot *Maleagi*). Jona is beskou as 'n buitelandse profeet (vgl Inleiding *Joël*), en is ná *Obadja* geplaas. In die Septuagint volg *Jona* ook ná *Obadja* as die sesde boek in die versameling.

Die skrywer is onbekend. Daar is ook onsekerheid oor die datering van die boek. Hebreeuse woorde en uitdrukkings wat net in literatuur uit die tyd ná die Babiloniese ballingskap (597-539 vC) voorkom, is een van die argumente wat aangevoer word vir 'n datering ná 539 vC.

Jona was moontlik bedoel vir Joodse lesers wat ná die Babiloniese ballingskap teleurgesteld was omdat die oordeelsprofesieë van vroeëre profete teen ander nasies, nie vervul is nie (vgl bv Jer 47 — 51).

Alhoewel *Jona* saam met ander profeteboeke gegroepeer word, is daar in die boek slegs een sin (Jona 3:4) wat as 'n profesie getipeer kan word. Die res is 'n vertelling met 'n duidelike spanningslyn waarin kontrastering, herhaling, ironie en wondervertelling 'n rol speel.

Een van die belangrikste temas in *Jona* is die vraag na die vervulling van profesieë. In die boek word 'n profesie oor die vernietiging van Nineve, wat uitgespreek is deur 'n ware profeet van die magtige God, nie vervul nie. Die antwoord op die probleem word in die laaste vers van *Jona* in die vorm van 'n vraag gegee (Jona 4:11). Deur die vertelling word daar kommentaar

gelewer oor die bedoeling van profesieë, naamlik dat dit nie toekomsvoorspellings is nie, maar dat God profete stuur om mense tot bekering te roep. God se besorgdheid oor mense en diere weerhou Hom in hierdie geval daarvan om sy oordeel te voltrek. Daarmee saam kom die motief na vore dat God se genade nie beperk is tot sy volk Israel nie, maar dat dit geld vir alle mense.

Jona kan soos volg ingedeel word:

1:1-16 Jona se ongehoorsaamheid aan sy opdrag

1:17 — 2:10 Gebed van Jona

3:1-10 Waarskuwing van Jona aan Nineve

4:1-11 Jona in gesprek met God

1

Jona se ongehoorsaamheid aan sy opdrag

¹ *Die woord van die HERE het tot Jona, die seun van Amittai, * gekom:

² “Staan op, gaan na die groot stad Nineve^a en spreek hulle aan,^b want die kwaad wat hulle doen, het opgestyg tot voor My.”

³ *Maar Jona het opgestaan om na Tarsis te vlug, weg van die teenwoordigheid van die HERE af. * Hy het afgegaan na Jafo^c en daar op 'n skip afgekom wat op pad was na Tarsis. Hy het die reisgeld betaal en in die skip afgeklim om saam met hulle na Tarsis te gaan, weg van die

* **1:1** Jona 3:1

* **1:1 Jona ... Amittai:** 2 Kon 14:25

^a**1:2 Nineve:** Die hoofstad van Assirië geleë op die oostelike oewer van die Tigrisrivier.

^b**1:2 spreek ... aan:** Letterlik ‘roep teen haar uit’.

* **1:3** Ps 139:7

* **1:3 vlug ... af:** Jona 1:10; vgl Gen 4:16; Ps 139:7,9-10

^c**1:3 Jafo:** In die •Septuagint en die Nuwe Testament is die naam •Joppe.

teenwoordigheid van die HERE.

⁴ *Maar die HERE het 'n sterk wind oor die see laat opkom.^d Daar was 'n groot storm op see en die skip was op die punt om in stukke te breek. ⁵ *Die matrose was bang en het elkeen na sy god om hulp geroep. Hulle het ook die toerusting wat op die skip was, in die see gegooi om hulle vrag ligter te maak.

Jona het egter afgegaan na die agterste ruim van die skip en daar gaan lê en vas aan die slaap geraak. ⁶ *Die skeepskaptein gaan toe na hom en sê vir hom: “Wat is dit met jou dat jy so vas lê en slaap? Staan op! Roep jou god aan! Miskien sal dié god aan ons dink en sal ons nie ondergaan nie.”

⁷ Die matrose het vir mekaar gesê: “Kom ons beslis die saak deur die lot, sodat ons kan weet deur wie se toedoen hierdie ramp ons tref.” Hulle het met die lot beslis en die lot het Jona uitgewys. ⁸ Toe sê hulle vir hom: “Vertel ons asseblief waarom hierdie ramp ons tref. Watter werk doen jy en waar kom jy vandaan? Uit watter land kom jy en van watter volk?” ⁹ Hy het hulle geantwoord: “Ek is 'n Hebreër,^e en die HERE, die God van die hemel wat die see en die droë grond gemaak het, dien ek met ontsag.”

¹⁰ Die manne was toe vreesbevange en het vir hom gesê: “Hoe kon jy so iets doen?” Hulle het immers geweet dat hy besig was om te vlug, weg van die teenwoordigheid van die HERE, want hy het dit vir hulle vertel.^{*} ¹¹ Hulle sê toe vir hom: “Wat moet ons met jou maak sodat die see om ons kan bedaar?” Want die see het al hoe onstuimiger geraak. ¹² Hy het geantwoord: “Vat my en gooi my in die see, dan sal die see om julle bedaar; want ek is seker dit is

*1:4 Ps 107:25-30

^d1:4 die HERE ... opkom: Die •bronteks lui “die HERE het 'n sterk wind op die see gewerp”.

*1:5 Ps 107:28; Hand 27:18-19,38

*1:6 Matt 8:24-25

^e1:9 Hebreër: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

*1:10 Hulle ... vertel: Jona 1:3,8-9

oor my dat hierdie groot storm oor julle woed.”

¹³ Die mans het hard geroei om weer die land te probeer bereik, maar hulle kon nie daarin slaag nie, want die see het al hoe onstuimiger geraak teen hulle. ¹⁴ Toe het hulle die HERE aangeroop. Hulle het gesê: “Ag HERE, laat ons asseblief nie vergaan as gevolg van hierdie man se lewe nie. Moet dit tog nie teen ons hou as ons onskuldige bloed vergiet nie.* U is immers die HERE; U doen wat U wil.*” ¹⁵ Hulle het Jona opgetel en hom in die see gegooi, en die storm op die see het bedaar.

¹⁶ Toe was die manne geweldig bang vir die HERE. Hulle het vir Hom 'n offer gebring en geloftes afgelê.

Gebed van Jona

^{17 fg} Die HERE het dit so beskik dat 'n groot vis Jona insluk, en hy was drie dae en drie nagte lank in die vis se maag.

2

^{1 h} Jona het uit die vis se maag tot die HERE sy God gebid. ² Hy het gesê:

“In my nood het ek
na die HERE geroep,
en Hy het my geantwoord.*

***1:14 Moet ... vergiet nie:** Eks 23:5-7; Jer 26:15

***1:14 U is ... wil:** 1 Sam 3:18; Job 23:13; Ps 115:3

^f**1:17** In Matt 12:40 deur Jesus aangehaal as heenwysing na Homself; vgl 1 Kor 15:4.

[§]**1:17 — 2:10:** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse Jon 2:1-17.

***2:1** Vgl Matt 12:40

^h**2:1-10** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse Jon 2:2-11.

***2:2 In ... geantwoord:** Ps 118:5; 120:1; 130:1

Uit die ingewande van die •doderyk

het ek om hulp geroep,
en U het my stem gehoor.*

³ *U het my in die diepte gegooi,
in die hart van die oseane.

Seestrome het my omring,
al u golwe en branders
het oor my gespoel.

⁴ “*Ek self het gedink,
ek is weggewerp, onder u oë uit.
Maar ek sal weer u heilige tempel sien!

⁵ *Water het my tot aan my keel
omsluit,
oerwaterⁱ het my omring;
seewier het my kop omstrengel.

⁶ Na die basis van die berge
het ek afgesak;
ek was vir altyd agter die sluitbalke
van die onderwêreld.^j

“Maar tog het U my lewe uit die put
opgetrek, HERE my God!

***2:2 Uit ... gehoor:** Ps 34:7; 86:13; Klaagl 3:55

***2:3** Ps 42:8

***2:4** Ps 5:8; 31:23

***2:5-6** Ps 16:10; 30:4; 69:2-3

ⁱ**2:5 oerwater:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd het massas water die aarde omring. Die siening was dat hierdie massas water die bestaan van alle lewe bedreig.

^j**2:6 sluitbalke ... onderwêreld:** Dit verwys na die poorte van die •doderyk.

⁷ *Terwyl die lewe uit my vloei,
het ek net aan die HERE gedink.
My gebed het U in u heilige tempel
bereik.

⁸ “*Wie nuttelose afgode dien,
versaak hulle trou aan die verbond.^k

⁹ *Maar ek, met 'n danklied
wil ek aan U 'n offer bring,
wat ek beloof het, sal ek nakom.
Dit is die HERE wat redding bring.”

¹⁰ Die HERE het toe die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spoeg.

3

Waarskuwing van Jona aan Nineve

¹ *Die woord van die HERE het die tweede keer tot Jona gekom: ² * “Staan op, gaan na Nineve,¹ die groot stad, en verkondig aan die stad^m die boodskap wat Ek aan jou opdra.”

***2:7** Ps 18:7; 88:3

***2:8** Ps 31:7; Jes 42:17; Eseg 14:5

^k**2:8** **versaak ... verbond:** Kan ook vertaal word “verlaat die Een wat aan hulle trou is”.

***2:9** Ps 22:26; 50:14,23; 116:17-18

***3:1** Jona 1:1

***3:2** Jona 1:2

¹**3:2** **Nineve:** Die hoofstad van Assirië geleë op die oostelike oewer van die Tigrisrivier.

^m**3:2** **die stad:** Letterlik ‘haar’. Jerusalem en ander stede word dikwels in die Bybel simbolies as vroulik voorgestel.

³ Jona het toe opgestaan en na Nineve gegaan soos die HERE hom beveel het. Nineve was 'n uitsonderlike groot stad: drie dae se loop van kant tot kant.

⁴ Jona het begin om die stad binne te gaan, 'n dag se loop ver. Hy het uitgeroep: “Nog net veertig dae, dan word Nineve verwoes!”

⁵ *Die menseⁿ van Nineve het toe in God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en hulle het almal, belangrik en onbelangrik, rouklere^o aangetrek.

⁶ *Toe die berig die koning van Nineve bereik, het hy van sy troon af opgestaan, sy koningsmantel afgegooi, 'n roukleed omgehang en in die stof gaan sit.

⁷ *Hy het in Nineve laat afkondig: “Op las van die koning en sy belangrike amptenare: Niemand mag aan enigiets proe nie — nie mens of dier, beeste of kleinvee nie. Hulle mag nie eet of water drink nie. ⁸ *Mens en dier moet met 'n roukleed bedek wees. Die mense moet God ernstig aanroep en elkeen moet hom bekeer van sy slegte gedrag en van die geweld wat aan sy hande kleef.

⁹ *Wie weet, dalk draai God terug en het Hy berou; dalk draai Hy om, weg van sy gloeiende toorn sodat ons nie vergaan nie.”

¹⁰ *God het gesien wat hulle doen, dat hulle hulle terugdraai het van hulle verkeerde pad. God was jammer dat Hy gesê het Hy gaan 'n ramp oor hulle bring, en Hy het dit toe nie uitgevoer nie.

4

***3:5** Matt 12:41; Luk 11:32

ⁿ**3:5 mense:** Letterlik ‘manne’. Volgens die opvatting van die tyd was die vroue hierby ingesluit.

^o**3:5 rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

***3:6** Matt 11:21; Luk 10:13; vgl Eseg 26:16

***3:7-8** Jona 4:11

***3:8** Eseg 27:30-31; Judit 4:10; Matt 12:41; Luk 11:32

***3:9** Joël 2:13-14; vgl 2 Sam 12:22

***3:10** Jer 18:8; 26:3; Luk 11:32

Jona in gesprek met God

¹ Maar dit het Jona erg ontstel, en hy het kwaad geword. ² Hy bid toe tot die HERE en sê: “Ag HERE, is dit nie wat ek gesê het toe ek nog in my land was nie? Daarom het ek vroegtydig na Tarsis gevlug,^{*} want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, geduldig en oorvloedig in troue liefde, 'n God wat berou het oor die onheil. ³ *HERE, neem dan nou maar my lewe van my weg, want dit is vir my beter om te sterf as om te leef.” ⁴ Daarop sê die HERE: “Is dit reg dat jy so kwaad is?”

⁵ Jona het by die stad uitgegaan en aan die oostekant gaan sit. Daar het hy vir hom 'n takskerm gemaak en daaronder in die skaduwee gaan sit, sodat hy kon sien wat met die stad gebeur. ⁶ Toe het die HERE God 'n kasterolieplant^p beskik om oor Jona op te kom vir 'n skaduwee oor sy kop en om hom van sy onvergenoegdheid te bevry. Jona was baie bly oor die kasterolieplant.

⁷ Maar met dagbreek die volgende môre het God 'n wurm beskik. Dit het die kasterolieplant binnegedring, en dit het verlep. ⁸ Teen sonop het God 'n gloeiende oostewind beskik, en toe die son op Jona se kop bak,^q het hy duiselig geraak en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Dit is vir my beter om te sterf as om te leef.”

⁹ Toe sê God vir Jona: “Is dit reg dat jy ontsteld is oor die kasterolieplant?” Hy het geantwoord: “Ek is tereg tot die dood toe ontsteld.”*

¹⁰ Toe sê die HERE: “Jy is besorg oor die kasterolieplant waarmee jy geen moeite gedoen het nie en wat jy nie laat groei het nie, wat oornag opgekom het en oornag tot niet is. ¹¹ Maar Ek, Ek mag nie besorg wees oor Nineve nie,

* **4:2 na ... gevlug:** Jona 1:3

* **4:3** Vgl 1 Kon 19:4

^p**4:6 kasterolieplant:** Dit is 'n vinnig-groeiende plant wat gou 'n hoogte van 3 m kan bereik. Die •Septuagint vertaal die woord as “komkommer”.

^q**4:8 bak:** In Hebreeus word dieselfde werkwoord gebruik, wat in Jona 4:7 vertaal is as “binnegedring”.

* **4:9 Ek is ... ontsteld:** Matt 26:38; Mark 14:34

die groot stad waarin daar meer as honderd-en-twintigduisend mense is wat die verskil tussen regs en links nie ken nie, en ook nog baie diere?*

* **4:11 baie diere:** Jona 3:7